Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BISHons Multimedia (12240007)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120
Kontak	Mr KW de Beer koos.debeer@up.ac.za +27 (0)124202833

Toelatingsvereistes

- BIS in Multimedia.
- ’n Minimum gemiddelde van 60% in die voorgraadse studie.

Addisionele vereistes

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29.

Ander programspesifieke inligting

Behoudens die bepalings van G Regulasie G.18.3, moet 'n voltydse kandidaat vir 'n baccalaureus honoresgraad sy of haar studies binne twee akademiese jare (vier semesters), en 'n na-uurse kandidaat binne drie jaar (ses semesters) na eerste registrasie vir die graad voltooi. Die Dekaan kan egter, op aanbeveling van die Departementshoof, in beide gevalle die studietydperk met hoogstens twee semesters verleng.

Hoogstens twee keusemodules mag gekies word van die ander departemente in die Skool vir Inligtingtegnologie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Multimedia navorsingsprojek 761 (IMY 761)

Module-inhoud:

*Geslote module
Ontwikkeling en produksie van 'n multimediaproduk; produklewensiklusbestuur en produkdokumentasie; die student dien 'n voorlegging in wat geëvalueer word. Indien dit aanvaar word, lei dit tot 'n multimediaproduk.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Hipermedia en opmerktale 772 (IMY 772)

Module-inhoud:

'n Studie van hipermediastelsels, spesifiek aanpasbare hipermediastelsels, sowel as datamodellering, -berging en -herwinning, databasisstrukture en metadata. 'n Studie van verskillende opmerktale en die rol daarvan in multimediaprodukte met die klem op datastrukturering, hiperskakelteorieë en modelle.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Keusemodules

Navorsingsmetodologie 711 (INY 711)

Module-inhoud:

Navorsingsmetodologie en die toepassing daarvan ten einde navorsingsprobleme op te los en nuwe kennis te skep, is 'n aanwins wat van waarde kan wees vir 'n persoon vir die res van sy/haar lewe. Die module is saamgestel met die volgende oogmerke in gedagte: om die student te onderrig in die basiese beginsels van navorsing en om aan hom/haar die geleentheid te bied om navorsingsprojekte op 'n

professionele wyse uit te voer. Studente word gelei van die seleksie van 'n probleem tot die aanbieding van 'n volledige navorsingsverslag. Dit word gedoen aan die hand van praktiese voorstelle wat gebaseer is op 'n sterk teoretiese grondslag.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Multimediategnologie 773 (IMY 773)

Module-inhoud:

In die module doen studente navorsing en bespreek verskeie onderwerpe wat verander van jaar na jaar. Die onverwerp spesifiek aan elke jaar kan gevind word op die departementele webwerf. Die onderwerp is verwant aan die kreatiewe gebruik van multimediategnologie. 'n Begrip van huidige multimediatendense word vereis tesame met die kennis om dit te gebruik.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Animasieteorie en -praktyk 777 (IMY 777)

Module-inhoud:

Hierdie module bied 'n oorsig van die historiese en huidige beginsels en praktyk van natuurlike beweging animasie. Verskillende animasie tegnieke word gedek, soos stopaksie, tradisionele animasie, en 3D-animasie. Die student kry 'n geleentheid om 'n geanimeerde kort film te skep met behulp van 'n tegniek van hul keuse.

Modulekrediete	15.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Mens-rekenaarinteraksie 779 (IMY 779)

Module-inhoud:

In hierdie module word studente aan navorsingsonderwerpe en metodologieë binne die MRI-dissipline blootgestel. Studente pas dan hul kennis toe deur 'n navorsingpapier te beplan en af te lê.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Multimediatendense 771 (IMY 771)

Module-inhoud:

Geskiedenis van multimedia-idees en tegnologie; huidige tendense in multimedia, die nuutste tegnologie en toekomstige tendense in multimedia.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Virtuele omgewings 774 (IMY 774)

Module-inhoud:

In hierdie module word studente blootgestel aan virtuele omgewings wat volledig onderdompelende virtuele werklikheid en aanlyn virtuele wêrelde insluit. Beginnende met die idee van die werklikheid en hoe die werklikheid gesimuleer word, leer studente oor hardeware, sagteware en mens-faktore wat met die skep en verkenning van virtuele omgewings gepaard gaan. Studente word ook aan VO platforms en tegnieke, wat gebruik word om 'n virtuele wêrelde te maak, blootgestel.

Modulekrediete	15.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Inligtingkunde

Aanbiedingstydperk Semester 2

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.